SÊ JOU SÊ!

BYWERKING VAN DIE STAD SE VRAGBESTUURSTRATEGIE

Die Stad Kaapstad nooi alle belanghebbende en geraakte partye om kommentaar te lewer op die bygewerkte vragbestuurstrategie (FMS) wat ten doel stel dat alle vragvervoer in en rondom Kaapstad veilig, doeltreffend en betroubaar sal wees, en die behoeftes van die plaaslike en streeksekonomie sal vervul sonder om die toegangs- en mobiliteitsbehoeftes van medepad- en spoorgebruikers te benadeel.

Vragvervoer is 'n instaatsteller van die streek se ekonomie deur die beweging van goedere te fasiliteer wat handel, nywerheid en plaaslike lewensbestaan en -behoeftes ondersteun.

Die bygewerkte FMS bou op die 2016-strategie waarin sleutelkwessies soos infrastruktuuroorlading, veiligheid en onvoldoende toepassing in die vragsektor, en ooreenstemming met nasionale , streeks- en plaaslike doelwitte geïdentifiseer is. Daar bestaan 'n dringende behoefte dat meer vrag per spoor in plaas van per pad vervoer moet word, en dat die na-uurse dienste wat deur die hawe gebied word beter benut moet word. Die FMS inkorporeer ook nuwe prioriteite soos grondgebruikbeplanning, hantering van die mikrovragnywerheid, die groei in die informele parkering van vragmotors, en 'n fokus op nakoming om die oorhoofse visie te steun.

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, word die publiek en belangstellende partye of groepe die geleentheid gebied om van Dinsdag 24 Februarie tot Dinsdag 31 Maart 2026 kommentaar, aanbevelings of insette oor hierdie strategie by die munisipaliteit in te dien.

Kommentaar, aanbevelings of insette kan op die volgende maniere ingedien word:

- E-pos: UrbanMobility.CT@capetown.gov.za (meld verwysing 110252609)
- Aanlyn: Skandeer die QR-kode om jou kommentaar digitaal in te dien
- Besoek www.capetown.gov.za/haveyoursay of www.capetown.gov.za/collaborate
- Skriftelike voorleggings: Vorms vir skriftelike voorleggings is beskikbaar by jou naaste subraadskantoor of Stadbiblioteek

'n Opsomming van die konsepstrategie (in al drie amptelike tale) en die volledige konsepstrategie oor vragbestuur in Engels, kan besigtig word by:

- Die Stad se webwerf: www.capetown.gov.za/haveyoursay en www.capetown.gov.za/collaborate
- Alle subraadskantore en Stadsbiblioteke.

Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal mense wat nie kan lees of skryf nie, mense wat met gestremdhede leef of uit benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, help om skriftelike kommentaar in te dien. Kontak Zandile Mahlasela by 021 400 5501 of Zandile.Mahlasela@capetown.gov.za.

Vir meer inligting oor die konsepstrategie, stuur 'n e-pos aan UrbanMobility.CT@capetown.gov.za of kontak die projekbestuurder by 021 400 9339.

LUNGELO MBANDAZAYO
STADSBESTUURDER
CTA30/2026

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.